

Tema: Hoe lyk die droombruid van Christus?

Skrifvoorlesing: Genesis 29:16-30:24

“Toe die Here sien dat Jakob nie vir Lea liefhet nie, het die Here vir haar kinders gegee, terwyl Ragel kinderloos gebly het. Lea het swanger geword en ‘n seun in die wêreld gebring en hom Ruben genoem, ‘want,’ het sy gesê, ‘die Here het my smart raakgesien. Nou sal my man my liefhê.” (Gen 29:31-32)

“God het op Ragel ag geslaan en haar nie langer kinderloos gelaat nie. Sy het swanger geword en ‘n seun in die wêreld gebring en toe sê sy: ‘God het my skande weggeneem.’ Toe noem sy die seun Josef, ‘want,’ het sy gesê, ‘die Here sal my nog ‘n seun gee.’” (Gen 30:22-24)

Wie van dié twee sal geskik wees as rolmodel vir die droombruid van die Christus - Lea met die sagte oë of Ragel wat so mooi gebou is? **hulle slegte eienskappe wat hulle uiteindelik voorbeelde van die Here se genade maak.**

Vir Lea is haar kinders nie genoeg nie. Sy het na haar man se liefde gehunker. Vir Ragel was haar man se liefde nie genoeg nie. Sy het na kinders gehunker.

Dis hoe die droombruid van Christus lyk. As jy bietjie dieper as die oppervlak kyk dan sien jy mense wat soekend is en altyd meer en beter wil hê. Die stryd tussen Lea en Ragel betrek naderhand selfs hulle slavinne en liefde word nou iets wat met liefdesappels plannetjies gewen word.

Is hierdie twee vroue met hulle slavinne werklik die Here se keuse vir stammoeders van sy Verbondsvolk? Dit lyk na ‘n baie swak keuse. En tog is dit die beste keuse, want een ding is duidelik: **As hulle nageslag na hulle aard sal hulle nooit op meriete die droombruid van die Christus word nie. Hulle is enigste hoop is op die Here se genade.**

Ragel en Lea het begin lyk na die ware droombruid van Christus wanneer hulle van hulle gebede praat (30:6, 17 en 22). Christus se “bruid” wag altyd biddend op Hom. Sy kan saam met Ragel getuig dat God ons sonde-skande weggeneem het deur die skandedood van sy Seun. En sy glo dat Hy vir ons nog meer sal gee deur die inwoning van sy Heilige Gees.

Hoe lyk die droombruid van Christus? Haar sonde is deur Hom uit liefde uitgewis en sy leef nou met die hoop op die volmaakte lewe by God.

Praktiese uitlewing

“Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ‘n eenheid. Elkeen vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.” (Ef 4:16)

Die kerk is meer as wat met die beeld “bruid van Christus” gesê word. Die kerk is ook “liggaam van Christus”: **Sy bruid wat een is en een word met Hom (Ef 5:30).**

As hierdie waarheid oor wat en wie die gemeente is ons aangryp en bybly, sal ons met soveel meer ywer en liefde ons toewy aan die bediening van die gemeente. “Verlossing in Christus” beteken dat ons deel geword het van ‘n nuwe groeiproses. Christus is self in beheer hiervan.

- Ons groei na Hom toe (v 15)
- Ons groei van Hom uit (v 16)
- Ons bly in liefde by die waarheid (v 15)
- Ons groei as ‘n eenheid (v 16)
- Elkeen het ‘n funksie (v 16)